As dit onmoontlik is om jou baba te borsvoed, is koppievoeding die beste keuse want:

- Selfs klein premature babas kan uit 'n koppie drink
- 'n Baba gebruik min energie om uit 'n koppie te drink
- Dit is maklik om te leer hoe om jou baba met 'n koppie te voed
- Dit is higiënies omdat koppies maklik skoongemaak kan word
- 'n Ma kan maklik borsmelk in 'n koppie uitmelk
- Dit is veiliger omdat jou baba die heeltyd vasgehou en dopgehou moet word tydens voeding.
- Die baba beweeg sy tong op dieselfde manier as met borsvoed.
- Die baba bepaal self hoe vinnig om te drink
- Dit is goedkoop - jy kan enige koppie gebruik ('n klein een is die beste)

Wes-Kaapse Regering Gesondheid
Fasiliteitsgebaseerde Programme
Subdirektoraat: Geïntegreerde Voedingsprogram
Telefoon : 021 483 2275

Hoekom is koppievoeding beter as bottelvoeding ?

Higiëne Die eenvoudige vorm van die koppie maak dit maklik om dit met seep en water skoon te maak. Oorskiet melk word nie sommer in 'n koppie gebêre nie.	Dit is moeilik om bottels en tiete skoon te maak en te steriliseer Een van die grootse oorsake van diarree is bottels. Melk word dikwels te lank voor die tyd aangemaak en verhoog die kans dat die baba kan siek word.
Suig 'n Koppie sal nie 'n baba verwar nie en veroorsaak dat hy/sy vergeet hoe om aan die bors te suig nie.	'n Baba suig op 'n ander manier aan 'n bottel as aan die bors en dit kan veroorsaak dat die baba vergeet hoe om aan die bors te suig.
Kontak met die Ma Die baba moet wakker wees en vasgehou word tydens voeding.	Babas word dikwels met hul bottels alleen neergelê.
Veiligheid Die baba word die heeltyd dopgehou.	Babas word alleen met hul bottels neergelê.
Tyd Al bepaal die baba self hoe vinnig hy drink, neem koppievoeding gewoonlik vinniger.	Gewoonlik neem bottelvoeding langer in vergelyking met koppievoeding.

Wes-Kaapse Regering
Gesondheid

BETER TESAME.

Koppievoeding

die beste alternatief !

Koppievoeding.indd 1 2014/09/17 09:40:14 AM

Hoe om jou baba met ’n koppie te voed

Alle babas kan uit ‘n koppie drink - selfs babas wat te vroeg of te klein gebore is.

- Jou baba moet wakker wees
- Laat jou baba op jou skoot sit en as dit nodig is kan jy hom toedraai om te verhoed dat jou baba die koppie wegstamp
- Ondersteun jou baba se kop
- Die koppie moet ten minste halfvol melk wees

Koppievoeding is baie veiliger as bottelvoeding

- Bring die koppie na jou baba se lippe toe
- Wanneer die mondjie oopgaan kantel die koppie stadig
- Die koppie moet liggies op sy onderlip rus
- MOENIE die melk in sy mond laat inloop nie
- Jou baba sal die melk van die koppie se rand af suig
- Jou baba moet kans kry om tussen slukke te rus

- Wanneer jou baba genoeg gedrink het, sal hy sy mond toemaak en weier om verder te drink
- Kyk hoeveel jou baba in ‘n hele dag drink - nie net op een slag nie.

BELANGRIK

Borsmelk is die beste vir babas. As borsvoeding nie moontlik is nie; dan is koppievoeding die beste en veiligste keuse!